education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## MODEL 2008

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Kies en beantwoord EEN VRAAG uit ELKE AFDELING in hierdie vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste | (20 punte) |

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik.

- Beplanning

  4.1 Jy moet elke skryfstuk se beplanning op 'n NUWE bladsy doen.
  4.2 Skryf elke keer die woord: **BEPLANNING** boaan.

- Finale skryfstuk

  4.3 Begin elke finale skryfstuk op 'n NUWE bladsy.
  4.4 Skryf die woorde **FINALE PRODUK** langs die vraagnommer.

VOORBEELD:

| | |
|---|---|
| **BEPLANNING**<br><br>(aan die linkerkant) | **1.1 FINALE PRODUK**<br><br>(aan die regterkant) |

5. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.

1.1

> **BESTUURSLESSE**
> Toe die huisvrou uiteindelik besluit om te leer motor bestuur, gee haar man vir haar bestuurslesse.
> "Ons het al twintig jaar 'n motor," terg hy, "en jy weet steeds nie hoe om dit te bestuur nie."
> "Dit verbaas my nie," sê sy. "Ons het al net so lank 'n wasmasjien, maar jy weet ook nie hoe dit werk nie!"

[Uit: *Huisgenoot*, 14 Junie 2007]

Lees die grappie wat in *Huisgenoot* verskyn het.

Ken jy ook 'n snaakse storie?

Skryf en **vertel** jou storie.

**[50]**

**OF**

1.2 DEUR **DIK** EN **DUN**

Vriendskap is meer werd as geld of om belangrik te wees. Vra maar dié mense wat al deur diep waters is. Sou hulle anderkant uitgekom het as hulle nie 'n vriend/vriendin gehad het nie?

Dink aan die volgende:

- Watter waarde het vriende vir mekaar?
- Het vriende net 'n goeie of net 'n slegte invloed op mekaar?
- Watter eienskappe maak van 'n mens 'n goeie vriend?
- Help vriende mekaar altyd of stel vriende mekaar ook teleur?
- Behou 'n mens jou vriende wat jy voor skool, op laerskool en op hoërskool gemaak het, vir altyd?
- Wat maak van jou 'n goeie/ware vriend/vriendin?



[Uit: *Sunday Times ReadRight*, 28 Julie 2002]

**Dink aan en skryf oor** die waarde van vriendskap. **[50]**

**OF**

1.3





[Uit: *Sarie*, 5 November 1997]

Is dit vir jou belangrik om 'n kamer vir jouself te hê? Skryf jou **argumente** neer om te sê waarom dit vir jou belangrik is of waarom dit nie vir jou belangrik is nie. Motiveer jou mening. **[50]**

**OF**

1.4




[Uit: *Beeld,* 2 September 2002]

Die wêreld vrees aardverwarming. Alles moet gedoen word om dit te voorkom en om die aarde te bewaar. Daarom gee almal aandag aan die omgewing.

**Beskryf** hoe julle omgewing lyk en wat julle doen of alreeds gedoen het, om julle omgewing te verbeter en te bewaar.

**[50]**

**OF**

1.5

**"As jy dit kan droom, kan jy dit doen."**
**"Al ons drome kan waar word –**
**as ons die moed het om dit na te streef."**



[Uit: *Sunday Times ReadRight*, 26 Mei 2002]

Hierdie is baie wyse woorde. Party mense se drome word bewaarheid en ander mense se drome word nooit bewaarheid nie. Dit is egter belangrik dat ons wel droom of ideale in die lewe het.

**Bespreek hierdie twee kante** van drome droom en gee in die slotparagraaf jou siening omtrent hierdie wyse woorde. **[50]**

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **enige lang opstel** daaroor.

1.6.1




[Uit: *Beeld,* 11 Oktober 2005] **[50]**

**OF**

1.6.2



[Uit: *Sarie*, 30 Julie 1997] **[50]**

**OF**


1.6.3




[Uit: *Beeld,1* September 2005] **[50]**

**OF**

1.6.4




[Uit: *Rapport-Tydskif*, 10 November 2003] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1 Straatkinders begeer ook om 'n lewe soos ander gewone kinders te hê. Julle klas het 'n projek gehad waarin julle die straatkinders van julle dorp gehelp het.

Jy is die groepleier en jy moet 'n **artikel** vir julle skoolkoerant skryf. Gee jou artikel 'n hoof-opskrif en 'n onderopskrif. Skryf die artikel in paragrawe en dui aan wie die skrywer is.

Jy kan aan die volgende idees dink OF jy kan jou eie idees gebruik:

- Sê wie julle is.
- Wat doen die straatkinders alles?
- Wat het julle alles gedoen om hulle te help?
- Watter emosies het julle ervaar toe julle die kinders gehelp het?
- Het julle enige langtermynplanne om aan te hou om hierdie kinders te help?



[Uit: *Clipart* en *Beeld*, 9 Mei 2002] **[30]**

**OF**

2.2

**VRA VIR TINA**

Buierige Nooi skryf: Ek is 'n matriekleerder met 'n groot probleem. Ek het 'n baie goeie vriendin van wie ek baie hou, maar sy het die vermoë om 'n mens so kwaad te maak!

Party dae is sy vriendelik, maar net die volgende dag waai die hare. Almal moet dan maak soos sy sê.

Sy is baie oulik, maar haar houding is darem te kinderagtig. Sy maak die lewe vir al haar vriende so moeilik. Haar humeur is regtig 'n probleem!

Help my asseblief! Sy is 'n goeie mens en ek wil haar vriendskap nie verloor nie.

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 29 Maart 2004]

'n Matriekleerder het hierdie brief aan die briewekolom 'Vra vir Tina' in die *Huisgenoot* geskryf.

Tina het hierdie tiener herken en toe vir die tiener 'n persoonlike **brief** teruggeskryf.

Beantwoord nou die brief asof jy Tina is. Jy kan aan die volgende idees dink OF jy kan jou eie idees gebruik:

- Die rede vir die vriendin se probleem.
- Hoe kan jy die vriendin help?

LET WEL: Gebruik die gewone briefvorm. **[30]**

**OF**

2.3 Lees die volgende strokiesprent.




[Uit: *Sarie*, 30 Julie 1997]

Dit was vir Fransie maklik om presies vir die polisieman te vertel wat gebeur het. Sy kon ook presies beskryf hoe die rower gelyk het.

Skryf Fransie se volledige **verslag** neer. **[30]**

**OF**

2.4

**Só het ek my lewe amper weggegooi …**




[Uit: *Huisgenoot*, 15 April 1982 en *Rapport*, 28 Oktober 1999]

Jy was verslaaf aan alkohol/dwelms, maar jy is nou gerehabiliteer.

Skryf 'n **toespraak** oor jou verslawing wat jy aan 'n groep leerders gaan lewer.

- Hoe het jy by drank/dwelms betrokke geraak?
- Hoe het dit jou en jou gesin se lewens beïnvloed?
- Hoe het jy uiteindelik daaruit gekom? **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1 Lees die volgende advertensie oor taalkursusse.

| TAALKURSUSSE | |
|---|---|
| **XHOSA vir beginners** | **ZOELOE vir beginners** |
| Leer om in Xhosa te kommunikeer. Aangebied deur Kaapse Technikon (KT), Port Elizabeth Technikon (PET), Tygerberg Kollege (TK), Stellenbosch Kollege (SK) en Pretoria Kollege (PK). | Leer hoe om by die werk en op sosiale vlak in dié taal te kommunikeer. Aangebied deur Technikon Witwatersrand (TW), Technikon Natal (TN), Pretoria Kollege (PK) en Roodepoort Kollege (RK). |
| Tydsduur:<br>KT: 8 weke (2 weeklikse aandlesings van 2 uur elk)<br>PET: 18 weke (weeklikse aandlesing van 3 uur)<br>TK: 18 ure (twaalf lesings van 1½ uur elk)<br>SK: 10 weke (weeklikse lesing van 2 uur)<br>PK: 10 weke (2 weeklikse lesings van 2 uur elk) | Tydsduur:<br>TW: 30 uur<br>TN: 20 weke (2 weeklikse aandlesings van 2½ uur elk)<br>PK: 10 weke (2 weeklikse lesings van 2 uur elk)<br>RK: 10 weke (weeklikse lesing van 2 uur) |
| Koste:<br>KT: R650<br>PET: R425<br>TK: R220<br>SK: R390<br>PK: R405 | Koste:<br>TW: R850<br>TN: R450<br>PK: R405<br>RK: R400 |


[Uit: *Sarie*, 2 Julie 1997]

Ontwerp en skryf jou eie **advertensie** vir leerders wat sukkel met Wiskunde.

Maak gebruik van die advertensie vir tale om 'n idee te kry oor die tipe inligting wat belangrik is. **[20]**

**OF**

3.2 Bestudeer die volgende roete vir die Gauteng-sneltrein (Gautrein).




[Saamgestel uit: *Beeld*, 5 September 2001 en *Rapport*, 17 Februarie 2002]

Jou vriend/vriendin van Zimbabwe kom by jou kuier. Julle sien baie uit na die opwinding om met die Gautrein te ry. Julle gaan by die Hatfield-stasie opklim en die **hele** roete volg deur die middestad van Johannesburg tot by die OR Tambo-lughawe.

Gee 'n **beskrywing** van die hele roete.


- Beskryf die moontlike roete volgens die aanwysings.
- Vertel van die bakens en die plekke langs die pad. **[20]**

**OF**

3.3 Vandag was 'n baie slegte dag. Jy wil net huil! Jy wil nooit weer, só 'n dag hê nie!

Skryf in jou **dagboek** oor dié dag.

Vertel wat gebeur het, waar dit gebeur het, hoe jy voel en wat jy aan die saak gaan doen.




[Uit: *Sunday Times ReadRight*, 10 April 2005 en 23 Mei 2004] **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou